

Die Tussenkerklike Raad: *Quo vadis?*

Ds Leon Geel

Die gesprek tussen die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK), die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA) en die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA), het sy wortels in 1943 met 'n interkerklike skakelkomitee. In 1955 is die Tussenkerklike Kommissie amptelik in die lewe geroep, met drie sake op die agenda: kerklike eenheid, gemeenskaplike sake en samewerking. In Februarie 2004 kom die Tussenkerklike Raad (TKR) tot stand. Die fokus het wegbeweeg van die aanvanklike, grootliks onsuksesvolle pogings om die kerke institusioneel te verenig en het verskuif na 'n struktuur wat op praktiese samewerking, gesamentlike getuieis en die hantering van gemeenskaplike maatskaplike en teologiese sake gerig is.

Die TKR het tot in 2017 jaarliks vergader. Dit het bestaan uit lede van die Moderamen van die Algemene Sinode van die NGK, die predikantslede van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van die NHKA en predikante van die GKSA. Sinvolle, krities-opbouende gesprekke is gevoer en die onderlinge terreine van samewerking is telkens behandel. By verskillende geleenthede het die kerke ook gesamentlik teenoor die owerheid getuig, onder meer oor wetgewing en maatskaplike krisis. Verskeie openbare verklarings en ope briewe is aan die regering gerig.

Tussen 2017 en 2026 het geen amptelike gesprek op TKR-vlak plaasgevind nie. Dit het al hoe duideliker geword dat die histories komplekse verhouding die gesprek laat stol het. Verskille in Skrifinterpretasie en hermeneutiek, kerkreg en liturgie, asook teologiese standpunte oor byvoorbeeld selfdegsagverhoudings en vroue in die amp, het die gesprek by wyse van spreke tot stilstand gebring. Die onderskeie kerke se siening oor ekumeniese bande het vroe laat ontstaan oor die aard van dié bande en het selfs daartoe gelei dat sommige van die gesprek uitgesluit is. Die indruk het ontstaan dat 'n gesprek onmoontlik is wanneer iemand nie met jou saamstem of nie jou uitgangspunt deel nie. Op die plaaslike gemeentevlak is die uitdaging dat sinodale besluite samewerking bemoeilik en dikwels positiewe, opbouende verhoudings en samewerkingsgeleenthede beëindig.

Amptelike samewerking tussen die NHKA en NGK word in 'n bilaterale ooreenkoms vervat. Lidmate kan met vrymoedigheid nagmaalgeleenthede van albei kerke bywoon en lidmaatskap word wedersyds erken en aanvaar. Teologiese opleiding vind in 'n groot mate gesamentlik plaas, ten minste wat die akademiese deel betref, terwyl elke kerk vir sy eie kerklike opleiding verantwoordelik bly. Ingevolge die bilaterale ooreenkoms kan predikante van die twee kerke oor en weer beroep word. Geen soortgelyke ooreenkoms bestaan tussen die NHKA en die GKSA nie. In die GKSA se beskouing van ekumeniese bande met die NHKA plaas die GKSA die verhouding hoogstens op die vlak van kontak. Die eerste vlak is volledige eenheid in Skrif, leer en diens; daarna volg bande van samewerking en, derdens die ekumeniese kontak.

Die memorandum van ooreenkoms tussen die NGK en die GKSA wat sedert 2015 gegeld het, is tydens die GKSA se sinode van Januarie 2026 opgehef, hangende gesprek met die NGK oor besluite van die Algemene Sinode. Uit die *Acta* van die afgelope algemene sinode van die GKSA blyk dit dat die GKSA eerder met faksies in die NHKA en NGK gesprek voer as met amptelike verteenwoordigers van die twee susterskerke.

Teen hierdie agtergrond het die NHKA en NGK ernstig daarop aangedring dat die gesprek



hervat word. Verskeie uitnodigings is aan die onderskeie kerke gerig, en op 1 September 2026 is 'n gespreksgeleentheid met die NHKA as gasheer gereël.

'n Kleiner groep verteenwoordigers van die kerke het byeengekom om vier sake te bespreek:

1. Die GKSA verduidelik die besluite van haar sinode aan die ander twee kerke.
2. Ons bespreek die implikasies van daardie besluite vir samewerking.
3. Ons praat oor die toekoms van die TKR.
4. Die GKSA en NGK praat oor hul bilaterale ooreenkoms.

'n Openhartige en indringende gesprek het gevolg. Die uitvloeisel van die GKSA se besluite oor vroue in die amp, wat reeds in 2009 en weer in 2023 bevestig is, het ter tafel gekom. Op die vraag hoe GKSA-gemeentes wat vroue wel tot die amp van ouderling toelaat, hulle van die kerkverband losmaak, is geantwoord dat dié gemeentes strydig met 'n sinodebesluit handel. Die mening is uitgespreek dat die NHKA en NGK se sinodebesluite, wat sonder konsultasie met die GKSA geneem is, *de facto* reeds bande en samewerking beëindig het. Daar is ook gestel dat die GKSA se verstaan van die Woord van God anders is. Verskeie ander aspekte het ter tafel gekom. Die onderneming is gegee dat die kerke met mekaar in gesprek moet bly omdat hulle medegelowiges in mekaar herken.

Daarom is die opskrif: *Tussenkerklike Raad:*

Quo vadis? Is die TKR nog 'n doeltreffende gespreksforum? Wat is die doel en rigting van die gesprek? Gelowiges moet met mekaar praat, maar wat is die vertrekpunt en mikpunt?

Hoewel dit 'n kerklike en, meer spesifiek, 'n geloofsgesprek is en moet wees, kan Paul Grice se vier hoofbeginsels van goeie kommunikasie daarop van toepassing wees:

- Die beginsel van kwaliteit;
- Die beginsel van kwantiteit;
- Die beginsel van relevansie;
- Die beginsel van wyse.

Die eise wat aan die kerke gestel word en die uitdagings waarvoor hulle staan, vereis dat ons die waarheid met mekaar praat. Ons moet oor die feite van elke saak praat en nie bloot oor die weergawe wat in die media berig word nie. Ons moet eerlik wees en ons mag nie vanuit 'n betersweterige perspektief praat nie. Laat ons mekaar erken en aanvaar as mense wat een is in Christus. Hy is die Heer en die Hoof van die kerk. Elke deelnemer aan die gesprek moet hom of haar verbind tot die woorde van Paulus in Kolossense 3: 16: *Laat die woord van Christus in sy volle rykdom in julle woon. Leer en vermaan mekaar, in alle wysheid, deur met dankbare harte psalms, lofgesange en geestelike liedere tot eer van God te sing* (AFR2020).

(Ds Leon Geel is die voorsitter van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en leraar van Gemeente Midstream)



Só sing ons saam | 3



Nuwe horisonne | 4-5



In gesprek met prof Natie van Wyk | 6



Die Koninkryk van God: Perspektiewe op die eindtyd | 7

Groei



Ds David Barnard

Een van ons oud-kollegas het dikwels gesê dat ons nie noodwendig mense met goeie preke na die kerk sal lok nie. Ons uitdaging is eerder om hulle in die kerk in te leef. Die stelling het bloot verwys na die feit dat egtheid en opregtheid in die uitlewing van ons geloof buitekerklikes na ’n ruimte lok waar die lewe vervullend lyk.

In onlangse tye is daar in verskeie kerklike publikasies groot gewag gemaak van groei: groei in getalle, groei in diepte en groei in ons verhouding met God. Binne dieselfde kader is daar ook nagedink oor kleiner gemeentes en hulle doeltreffende funksionering.

In die vroeë Christelike kerk was daar aanvanklik ’n tydperk van ongekeende groei in getalle. Wetenskaplikes, soos Bart Ehrman, skryf in *The Bart Ehrman Blog* dat die Christelike kerk aanvanklik met ongeveer 300% per dekade gegroei het. Indien hierdie groei teen dieselfde gradiënt sou voortduur, sou daar, hipoteties gesproke, teen die jaar 160 nC reeds ’n miljard gelowiges op aarde gewees het. In die afgelope eeu het die aantal Christene wêreldwyd ingrypend toegeneem, van ongeveer 600 miljoen tot ruim meer as 2 miljard. Hou egter in gedagte dat die persentasie Christene in verhouding tot die totale wêreldbevolking in dieselfde tydperk met meer as 3% gedaal het. Dit is egter belangrik om te onthou dat om as ’n Christen op ’n sensusvorm te identifiseer, nie gelykstaande is aan kerklike betrokkenheid nie. ’n Beduidende persentasie gelowiges is eenvoudig afwesig van die kerk.

Waarom was die groei aanvanklik so groot? Wat het in die Griekse en Romeinse konteks ná Jesus se hemelvaart gebeur om dié dramatiese groei in lidmaattal te veroorsaak? Wat kan ons daaruit leer?

Alan Kreider ondersoek enkele van die eenvoudigste antwoorde op hierdie vrae in sy boek *The Patient Ferment of the Early Church*.

Kreider meen dat daar vier belangrike faktore was wat groei in die vroeë kerk bevorder het:

- Geduld.** Die Grieke en Romeine was nie noodwendig bekend vir hulle geduld wanneer sake of projekte afgehandel moes word nie. Geduld is wel as ’n deug beskou wanneer iemand erge spanning of krisis beleef het. Stoïsynse filosowe soos Seneca en Epictetus het geduld byvoorbeeld as ’n bron van innerlike krag en selfbeheersing gesien. Die vroeë Christelike kerk het geduld as een van die hoogste deugde geag. Hulle sou dus nooit die groei van die Christelike kerk probeer forseer nie. Dit was ’n natuurlike proses wat stukkie vir stukkie, onder leiding van die Heilige Gees, ontvou het. Geduld gaan immers oor vertroue op God. Kerkwees behoort ’n lewe van vertroue te wees: vertroue dat God sy kerk sal stuur in die rigting waarin dit behoort te gaan.
- Die tweede faktor in die ongekeende groei was die sogenaamde **habitus**. Die Franse sosioloog Pierre Bourdieu het die woord *habitus* gemunt. *Habitus* het volgens sy definisie verwys na kultuur, gewoontes, gebruike en so meer wat só deel van ’n mens se wese geword het dat dit op elke denkbare terrein van jou doen en late sigbaar is. Alan Kreider pas hierdie beginsel op die vroeë kerk toe. Indien geloof so diep in jou wese ingebed was dat dit as’t ware ’n tuiste in jou binneste gevind het, sou jou lewe daardie geloof opreg weerspieël. Hierdie egte, sigbare geloof het mense nadergetrek. Mense is by wyse van spreke in die kerk ingeleef deur ’n lewe van oortuigde geloof. Martin Luther het hierdie egte geloof beskryf as ’n saak van voornaamwoorde. Dit is een ding om te sê: *Christus is die Heer*, en iets anders om te sê: *Hy is my Heer*. Die toe-eiening van die Heer se genade en die internalisering daarvan maak Hom vir almal sigbaar. Hierdie egtheid

Uit die Woord

Vertrou op die Here

Vertrou op die Here met jou hele hart – op jou eie insig moet jy nie staatmaak nie. Ken Hom in al jou weë, en Hy sal jou paaie reguit maak (Spr 3: 5-6, AFR2020).

Dié wat My liefhet, word veilig bewaar.
Dié wat my Naam ken, oorwin in gevaar.
As hul My aanroep, is Ek reeds daar,
hul sal met vreugde my redding ervaar.

Dié wat na God gaan vir skuiling,
sal Hy veilig beskerm en omvou.
U bly my veilige vesting,
U, my Here, op wie ek vertrou.

(VONKK 160: 1)

- en oorgawe maak die lewe, die *habitus*, aanloklik.
- Die derde faktor in die vroeë kerk se groeiverhaal was **toerusting** (katelese) en **aanbidding**. Om mettertyd ’n ritme van diens en aanbidding aan te leer en uit te leef, was ’n aantrekkingskrag vir buitestaanders. Christene het meer erns met onderrig en aanbidding gemaak as wat aanhangers van ander gelowe van daardie tyd gedoen het.
 - Laastens verwys Kreider na ’n **fermentasieproses** (*ferment*). Hoewel die vroeë geloofsgemeenskap nie spesifiek hierdie beeld gebruik het nie, beskryf dit die groei van die kerk treffend. Origenes het hierdie proses as God se onsigbare krag beskryf. Die tempo van fermentasie of gisting, en dus van groei, kon nooit geforseer of deur mense versnel word nie. Dit was ’n natuurlike proses; daarom was *wag op die Here* een van die eienskappe waarsonder die vroeë kerk nie sou kon groei nie.

Ons sal dalk nooit weer, persentasiegewys, die opbloeie beleef wat daar in die vroeë kerk was nie. Ons sal dalk nooit weer dieselfde opgewondenheid oor hierdie nuwe geloof ervaar soos die vroeë Christene nie.

Die voortbestaan en potensiële groei van die kerk kan egter baat by nadenke oor hierdie vier begrippe: geduld, *habitus*, toerusting (katelese) en fermentasie. Hierdie begrippe getuig van vertroue op God en van eerlike, egte, diepgesetelde geloof wat sigbaar word. Dit getuig van die geduld wat nodig is om God se handewerk te sien ontvou. Opregte geloof en die oorgawe wat daarmee gepaardgaan, bevat op sigself dit wat buitestaanders na die Here kan lei.

Oordenking

Mara, bitter...

Ds Corlien van der Merwe (Hartebeespoort)

Lees: Rut 1

Twee vroue is in dieselfde krisis gedompel, maar hulle het twee verskillende perspektiewe gehad.

Die lewensverhaal van Naomi en Rut is aan ons bekend. Die een krisis ná die ander tref Naomi in Moab. Haar geliefde man Elimelek sterf, en daarna haar twee seuns, Maglon en Kiljon. Naomi probeer haar skoondogters oorreed om in Moab agter te bly. Orpa draai wel terug, maar Rut antwoord in verse 16 en 17 dat sy beslis saam met Naomi gaan: *want waar u gaan, sal ek gaan; waar u bly, sal ek bly; u volk is my volk; u God is my God; waar u sterf, sal ek sterf en daar sal ek begrawe word* (AFR83).

Rut, ’n weduwee wat op pad is om ’n vreemdeling in Betlehem te word, het God in die huis van Elimelek en Naomi leer ken. Sy vertrou dat God weduwees en vreemdelinge onder sy beskerming neem soos sy volgens Eksodus 22: 21-24 geleer het. Sy vertrou dat God, die Almagtige, haar

ook sal beskerm en bewaar. So hou sy aan God vas en toon haar lojaliteit aan haar gryse skoonma. Toe Rut in ’n krisis gedompel is, maak sy ’n keuse om hierdie krisis in die volle vertroue te hanteer dat God, die Almagtige, haar en haar skoonmoeder sal beskerm en bewaar.

In Betlehem aangekom, word Naomi met blydschap deur die vroue wat haar onthou het, verwelkom. Hulle onthou nog haar naam, Naomi, wat lieflik of aangenaam beteken. Hulle het aan haar gedink, hulle het na haar verlang, en hulle het haar weer verwelkom. Hoe antwoord Naomi op hierdie verwelkoming? *Noem my Mara, bitter, want dit is wat my lewe nou is*. Naomi sien die krisis in haar lewe raak en erken God die Almagtige in haar lewe, maar beskou Hom as die bron

van haar ellende. Sy hanteer die krisis deur verbitter te word en net die donker te sien.

In hierdie eerste hoofstuk leer ons wat bitterheid aan jou en jou verhouding met God kan doen. Bitterheid veroorsaak dat Naomi miskyk dat sy nie leeg van Moab terugkeer nie. Die vroue beaam dit in Rut 4. Sy het vir Rut in haar lewe, sy word deur die stad se vroue verwelkom en sy keer boonop terug tydens die oes van die gars. Daar word tóg deur God voorsien. Bitterheid het veroorsaak dat sy nie God se teenwoordigheid en sorg kon raaksien nie.

Gebod: Heer, laat ons nie verbitterd word en nalaat om U in ons lewens raak te sien nie.

Só sing ons saam

Di Hannes van der Merwe en Iwana Kruger

Daar is ’n besondere oomblik voordat ’n nuwe kerklied werklik ’n kerklied word. Dit is nie wanneer die digter die laaste woord neerskryf nie, ook nie wanneer die komponis die finale noot op papier plaas nie. Dit gebeur selfs nog nie wanneer ’n groep kundiges besluit dat die woorde teologies verantwoordbaar en die melodie singbaar is nie. ’n Kerklied word eers werklik ’n kerklied wanneer mense daaraan lewe gee en ’n gemeente dit saam sing. Dit is waarskynlik waarom die woorde wat tydens die onlangse vergadering van die VONKK-werkgroep na vore gekom het, so gepas is: Hierdie is musiek wat die Kerk nie net moet ken nie, maar saam moet sing.

Die VONKK-werkgroep het van 27 tot 30 Julie 2026 rondom kerkmusiek vergader. Ds Leon Geel, die voorsitter van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV), is een van die eerste voorsitters wat só ’n werkgroep bywoon en kon sien wat agter die skerms aan die gebeur is. Vir iemand wat nie musikaal aangelê is nie, kan dit werklik soos ’n kreatiewe warboel voel: ’n groep mense wat saam sing en skaaf aan liedere. Een persoon neurie ’n melodie en ’n ander speel dit op die klavier. Tussendeur stop iemand alles. *Daardie frase werk nog nie heeltemal nie.* Dan begin die proses maar weer van voor. *Die melodie is hier te hoog.* Weer begin die proses. *Sing daardie reël weer.* Wat rondom so ’n tafel gebeur, is deel van die manier waarop die kerk vra: *Wat gaan ons môre sing wanneer ons God saam aanbid?* Die kerk het nog altyd gesing; daarom is dit byna ondenkbaar dat die kerk sonder sang bestaan.

Soos dit in ’n vorige *Blitspos*-artikel verwoord is, begin die kerk se sang eintlik by God. God het eerste gepraat en daarom is gemeentesang ’n antwoord op God se openbaring. Sang behoort dus nie bloot aan ’n koor, ’n voorsanger, ’n orrelis of die musikale mense in die gemeente nie. Wanneer die kerk sing, word die hele gemeente die draer van die lied deur dit saam in te asem. Die lied moet iets van hul geloof verklank.

Dit verklaar waarom sommige liedere so diep deel van ons geloofsgeheue word. Vra iemand om ’n geliefde kerklied te noem, en hulle onthou dikwels nie die titel nie, maar ’n storie: *My ouma het dit altyd gesing. Of: Dit was die lied by my pa se begrafnis.* Kerkliedere word só geheueplekke en geloofsbelydenisse.

Elke gesang wat vandag soos ’n erfstuk voel, het ’n oomblik gehad toe ’n gemeente die melodie nog onseker gevolg en die woorde vir die eerste keer gelees het. ’n Nuwe lied gebeur nie oornag nie. Dit is juis hier waar ’n mens iets van die taak van die VONKK-werkgroep begin verstaan. Van buite kan dit voorkom asof iemand ’n mooi teks skryf, iemand anders ’n melodie komponeer en die kerk eensklaps ’n nuwe lied het. Die werklikheid is veel anders. Volgens die werkgroep



Lede van die VONKK-werkgroep wat by Gemeente Pretoria-Oos vergader het

kan dit minstens nege maande neem voordat ’n nuwe lied uiteindelik bekendgestel word. Dan gebeur iets besonders tydens ’n VONKK-vergadering: Party liedere word daar vir die heel eerste keer saam gesing. ’n Lied wat dalk vandag deur honderde gemeentes gesing kan word, het rondom een tafel begin, met ’n paar stemme wat nog huiwerig die nuwe melodie probeer vind.

’n Liedboek wat hierdie liedere bevat, is egter nie net papier en ink nie. Blaai deur ’n ou liedboek en jy blaai eintlik deur die geloofstaal van ’n bepaalde tyd. Saam vertel die liedere iets van hoe gelowiges God probeer aanbid het. Juis daarom is die volgende hoofstuk in VONKK se verhaal so besonders. Vir die eerste keer gaan ’n VONKK-liedboek binnekort bekendgestel word. Wat oor jare heen geskryf, gekomponeer, aangepas en deur gemeentes aangeleer is, kry nou in ’n besondere sin ’n tuiste tussen twee buiteblaaie. Gemeentes sal dus, naas die *Liedboek*, en nie as vervanging daarvan nie, ook ’n VONKK-liedboek in die hand kan neem.

Gereelde lesers van *Blitspos* sou ook gesien het dat ’n weeklikse

rubriek oor kerkmusiek nou die agtergrond en liturgiese gebruik van liedere uit VONKK en die *Liedboek* belig. Só kan ons al beter vertrou raak met die skatkis van kerkmusiek wat tot ons beskikking is.

Dit was ook die eenvoudige, maar treffende gedagte wat uit die werkgroep se vergadering na vore gekom het: *Só sing ons saam!* Miskien lê die betekenis van kerkmusiek uiteindelik juis in daardie klein woordjie: *saam*. Nie ek sing en jy luister nie. Ook nie die voorsanger sing namens die gemeente nie. *Ons* sing. Vir ’n paar minute haal ’n gemeente saam asem, en baie stemme word een belydenis.

En binnekort, wanneer die eerste VONKK-liedboek sy plek in die kerk se hande vind, word ons opnuut uitgenooi: *Kom ons staan stil, haal saam asem, en sing só saam.*

(Ds Hannes van der Merwe is die voorsitter van die VONKK-werkgroep en leraar van Gemeente Pretoria-Oos. Ds Iwana Kruger is die NHKA-joernalis en leraar van Gemeente Pretoria-Oos)

Saam maak ons ’n verskil



Ds Iwana Kruger

’n Gholfdag gaan natuurlik oor goeie hou, ’n paar minder goeie hou en hopelik ’n paar voëltjies op die telkaart. Drive for a child ten bate van Rata gaan egter oor veel meer as wat op die gholfbaan gebeur. Dit is ’n geleentheid waar mense bymekaarkom om verhoudings te bou en terselfdertyd ’n waardevolle saak te ondersteun. Juis hierin lê dié dag se besondere betekenis: ontspanning en betrokkenheid kan hand aan hand loop, terwyl ’n dag van sport ’n geleentheid word om betekenisvol in ander se lewens te belê.

Rata se werk herinner ons daaraan dat die Kerk se roeping nie net binne die mure van ’n kerkgebou uitgeleef word nie. Ons geloof kry hande en voete wanneer ons na mense omsien, wanneer ons ondersteun waar daar nood is en wanneer ons bereid is om saam verantwoordelikheid vir mekaar te dra. Die Gholfdag skep daarom ’n ruimte waar sakeondernemings rondom ’n gemeenskaplike doel kan saamkom. Of die dag nou ’n persoonlike beste telling oplewer of eerder ’n paar balle wat van die baan af verdwyn, bly die belangrikste telling uiteindelik die verskil wat saam



gemaak word. Sulke geleenthede herinner ons ook aan die waarde van vennootskap. Geen bediening, organisasie of gemeenskapsinisiatief funksioneer in isolasie nie. Wanneer mense hul tyd, vaardighede, finansiële ondersteuning en netwerke saambring, word moontlikhede geskep wat veel verder strek as wat ’n enkele persoon alleen sou kon bereik.

Rata betuig daarom opregte waardering teenoor elke speler, borg, organiseerder en ondersteuner wat die Rata-gholfdag op 20 Augustus vanjaar moontlik gemaak het. Dankie aan



elkeen wat keer op keer bereid is om betrokke te raak en daarmee te sê: *Die welstand van ander maak vir ons saak!* Dit is te danke aan julle dat Rata vanjaar R153 300 vir kinders kon insamel! Soms begin ’n betekenisvolle verskil met iets so eenvoudig soos ’n gholfstok in die hand en ’n groep mense wat saamstap en besluit om ’n goeie saak te ondersteun.

(Ds Iwana Kruger is die NHKA-joernalis en leraar van Gemeente Pretoria-Oos)

Nuwe horisonne



Dr Christo Pretorius

Op Sondag 13 Mei 2018 om 15:00 het Gemeente Pretoria van haar kerkgebou in Du Toitstraat afskeid geneem nadat dit aan die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) verkoop is.

Tydens die afskeidsgeleentheid – ‘n erediens met Jesaja 43: 14-21 as teks – het prof Schalk J Botha ‘n oorsig van die kerkgeboue wat die gemeente sedert haar stigting in 1855 gebruik het, gegee. Ds Martin Slabbert het die gemeente namens die Ring van Pretoria seën toegebid.

Terwyl die gemeente Gesang 275 gesing het, is die Kanselbybel van die kansel gehaal en aan die jongste lidmaat van die gemeente oorhandig. Daarna het die gemeente die kerkgebou verlaat.

Vir Gemeente Pretoria was die afskeid vol emosie en het soos ‘n rouproses gevoel. Vir die kerkgebou het daar egter ‘n ander toekoms aangebreek: dit sou voortaan deel van die Suid-Afrikaanse Reserwebank-museum wees.

Die museum is op 19 Junie 2026 ingewy, en drs Christo Pretorius en Wouter van Wyk het die geleentheid namens die gemeente en die Nederduitsch Hervormde Kerk bygewoon.

In sy inhuldigingstoespraak het die goewerneur van die Suid-Afrikaanse Reserwebank, mnr Lesetja Kganyago, hom tot die president van Suid-Afrika, die minister van finansies, die burgemeester van Pretoria en ander gaste gerig. Hy het daarop gewys dat sentrale banke van ver af selfs misterieus kan voorkom. Die SARB-museum wil daarom die publiek opvoed en insig in Suid-Afrika se ekonomiese geskiedenis bied.

Die museum maak ook die kunsversameling van die SARB vir die publiek toeganklik en gee aan besoekers die geleentheid om interaktief aan simulaties van die fiskale beleid deel te neem.

Voor die kansel staan een van die eerste muntmasjiene wat in die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) gebruik is – die *Paul Kruger*. Daarteenoor staan die orrelpype op die galery in gelid. Op die galery, links van en agter die orrel, word die geskiedenis van Gemeente Pretoria vertel.

Die projekdirekteur, Frances Andrew, het die gemeente en die Kerk van die staanspoor af by die ontwerp betrek. Die Kerk se argivaris, mnr Nandor Sarkady, asook di Carel Johann de Bruin, Frikkie van Wyk en lidmate kon insette lewer oor die stigting van die gemeente, haar kerkgeboue, die koms van die kerkklok en die gemeente se wel en wee.

skooltoergroepe en ander besoekers die muntversameling kan besigtig, waaronder die gedenkpenning van 1855-1955 met die beelde van AWJ en MW Pretorius en ds Dirk van der Hoff.

Oorkant die biografiese inligting van vorige SARB-goewerneurs, hang ‘n plakkaat met die gemeente se vorige kerkgeboue, waaronder dié wat deur die bouers William Skinner en die Devereux-broers op Kerkplein opgerig is. Nagmaalwaens wat rondom die kerk uitgespan was, getuig daarvan dat mense van heinde en verre dae lank gereis het om die sakramente te vier, te katekiseer, te trou en hul kinders te laat doop.

Tussen die uitbeeldings van die kerkgeboue ontvou die verhaal van Gemeente Pretoria, die vyfde gemeente in die ZAR. Die uitstalling vertel dat die gemeente reeds ‘n kerkplaas was voordat die Volksraad Pretoria as regeringsetel bekragtig het. Dit wys ook hoe die *mislukte kerkvereniging* van 1885 sy merk gelaat het en hoe die gemeente ná oorloë en depressie weer opgestaan het. Ouderling ADW Wolmarans het die aanvoerwerk vir die bou van die Du Toitstraat-kerkgebou gedoen, wat in 1905 ingewy is.

Die teologiese opleiding onder leiding van prof PJ Muller het hier wortel geskiet. Daarbenewens kon die Algemene Kerkvergadering tot in 1957 hier vergader en besluite neem.

Ander voorwerpe beeld ook die gemeente se geskiedenis uit, waaronder ‘n kerkbank, die bewaarde kerkklok en loodglasvensters wat met sorg bewaar is. Dit stem tot dankbaarheid dat die uitstalling nog twee besondere voorwerpe aan besoekers bied: ‘n Kanselbybel en ‘n kanselkleed, nog in Nederlands, met die woorde: *Jezus alleen*.


Dit is vertroostend en bemoedigend dat die gemeente se verhaal nie net in die museum vertel word nie, maar ook deur haar voortgaande verkondiging van die evangelie. Die kerkgebou het ‘n nuwe bestemming gekry en die gemeente ‘n nuwe horison.

Met haar oog op die Heer van die Kerk kan sy saambou – met die herinnering aan wat was, maar ook met vertroue in wat die Here nuut kan doen. Haar 175ste bestaansjaar in 2030 lê reeds op die horison.

(Dr Christo Pretorius is leraar van Gemeente Pretoria en dosent van die Hervormde Teologiese Kollege)



Benewens die ekonomiese en fiskale verhaal, sal



In gesprek met prof Natie van Wyk

Dr André Ungerer

Dr André Ungerer het namens *Die Hervormer* ’n paar vrae aan prof Natie van Wyk, bekende akademikus, sistematiese teoloog en emerituspredikant, gestel oor sy jongste drie boeke.

André Ungerer (AU): As jy na jou drie jongste publikasies kyk, naamlik *Martin Luther: ’n Inleiding tot sy lewe, denke en geskrifte* (2022, hersiene tweede uitgawe); *Philipp Melanchthon: Die denker, leermeester en opvoeder van die Reformasie* (2022); en *Die Uitgebreide Liturgiese Kalender* (2025) – is daar ’n bepaalde lyn wat hulle met mekaar verbind?

Prof Natie van Wyk (NvW): Al drie boeke het met die Lutherse reformasie te make. Melanchthon was die eerste sistematiese denker van die Reformasie, terwyl die liturgiese kalender die Bybelse inhoud orden volgens die hooflyne van die Reformatoriese teologie. Die deurlopende lyn in al drie boeke is die Bybelse boodskap vanuit die perspektief van die Lutherse teologie. Lutherse teologie is ten diepste Bybelse teologie wat deur metodiese beginsels gerig word, soos: die onderskeiding van wet en evangelie, Ou Testament en Nuwe Testament, koninkryk en wêreldgeskiedenis; die aanvaarding van die belydenis as hoofpunte van die geloof; die hoogskatting van die hoofstroom van die teologie en aanhoudende kritiese denke en navorsing.

AU: Wat was jou motivering vir die boek oor Martin Luther, en wat wou jy met hierdie publikasie bereik wat vir jou besonder belangrik was betreffende die kerk in die Suid-Afrikaanse konteks en meer spesifiek die NHKA?

NvW: Wetenskaplike teologie berus op aanhoudende kritiese navorsing van die Bybel en die bronne van die teologie. Luther se geskrifte vorm die basis van ’n kerk wat homself Reformatories noem. Die Hervormde Kerk was nog altyd bereid om sy Lutherse wortels te erken; nogtans het ons nog nooit vanuit die primêre bronne navorsing gedoen nie. Ek het ’n verpligting gevoel om dit wel te doen.

Die meeste Afrikaanssprekendes weet min of niks van Luther en sy geskrifte af nie. ’n Bekendstelling aan hierdie tekste en denke was vir my noodsaaklik.

AU: Philipp Melanchthon is waarskynlik minder bekend as Luther. Wie was hy, en wat het jou as sistematiese teoloog na Melanchthon aangetrek?

NvW: Philipp Melanchthon was Luther se jonger kollega in Wittenberg. Hy was professor in Grieks en het, in sy geheel beskou, ’n groter bydrae as Luther tot die kerk en die teologie gelewer. Sy bydraes sluit onder meer die volgende in: die eerste Protestantse sistematiese teologie, die eerste algemeen-erkende belydenisskrif (die Augsburgse Geloofsbelydenis), die eerste kommentare op die Nuwe Testament, medevertaler van die Ou Testament en die Nuwe Testament, medeopsteller van die eerste kerkordes (onder andere vir Denemarke), lieddigter, stigter van Protestantse skole en die Universiteit van Marburg, en akademiese bydraes tot onder andere die regs- en mediese wetenskappe, hoofonderhandelaar met die Roomse Kerk, en die outeur van Griekse en Latynse grammatikas, om maar enkele voorbeelde te noem.

Die basiese teologiese kurrikulum aan Protestantse fakulteite berus op Melanchthon se insigte. Aangesien ons in Suid-Afrika niks van die grondlegger van ons teologie weet nie, het ek die uitdaging aangeneem om die eerste boek in Afrikaans oor hierdie geniale man, vanuit die primêre bronne, te skryf. Melanchthon se kennis van die Griekse filosofie was maar één aspek van sy teologie wat my aangetrek het.

AU: Hoe het Luther en Melanchthon mekaar teologies aangevul, en watter groter insig oor die Reformasie het hieruit vir jou na vore gekom?

NvW: Luther het die eerste Reformatoriese insigte geformuleer, terwyl Melanchthon dit verder verduidelik het en aangetoon het hoe dit prakties toegepas kan word. Luther het geweet dat wet en evangelie onderskei moet word. Melanchthon het in detail uiteengesit wat alles onder wet verstaan kan word,

en waarom die kultiese en regs-wette van oud-Israel nie vir Christene bindend is nie. Luther het ingesien dat Christenskap op vryheid neerkom, terwyl Melanchthon aangevoer het dat kerklike wette nie absoluut bindend kan wees nie. Luther het ingesien dat die Romeinebrief die hart van die Nuwe Testament is, terwyl Melanchthon ’n kommentaar geskryf het wat drie keer hersien is. Luther het ontdek dat geloof nie moraal is nie, terwyl Melanchthon omvangryk kon skryf oor wat geloof is, en wat dit nie is nie.

AU: Hoe het die projek *Die Uitgebreide Liturgiese Kalender* ontstaan?

NvW: Die boek oor die uitgebreide liturgiese kalender het oor ’n baie lang tydperk tot stand gekom. Dit het begin toe ek die eerste keer oor Kersfees, die kruisiging, die opstanding, die Hemelvaart, die uitstorting van die Heilige Gees en die drie-enige God moes preek en kategeese aanbied. Ek het twee reekse in *Konteks*, ’n weeklikse bydrae in die *Blitspos* in 2017 en ’n hele aantal artikels in die *HTS* oor aspekte van die kalender gepubliseer. Verder het ek ’n paar jaar lank by die HTK lesings oor die temas van hierdie boek vir die finalejaarstudente aangebied. Ds Hannes van der Merwe het my oorreed om al my navorsing in ’n boek op te neem.

Die liturgiese kalender is belangrik aangesien dit op ’n sistematiese wyse aandag skenk aan die persoon, lewe en werk van Jesus Christus. Wie hierdie kalender vermy, wil nie met sekere aspekte van die evangelie gekonfronteer word nie. Wie die kalender nie wil volg nie, wil die evangelie verskraal tot ’n enkele greep of twee uit die lewe van Jesus.

Die uitgebreide kalender is beslis nie aan baie mense in die Hervormde Kerk bekend nie. Wie die moeite wil doen om aan die onbekende aspekte aandag te skenk, sal die volle skat van die evangelie ontdek. Lidmate behoort nie voortdurend aan slegs ’n paar temas van die Bybelse boodskap blootgestel te word nie. Die verskraling van die prediking en kategeese tot enkele oppervlakkige temas dra by tot die agteruitgang van die kerk.

AU: Wat bedoel jy met ’n uitgebreide liturgiese kalender, en waarom is dit belangrik?

NvW: Die meeste predikante en belangstellende kerkraadslede ken die belangrikste datums van die liturgiese kalender, maar slegs enkeles ken die temas van die uitgebreide kalender. Geleenthede soos die Epifanietyd, die sewe Sondae van die Paastyd, die herdenking van die eerste martelare kort ná Kersfees, Ewigheidsondag, die Sondag van die skepping en talle ander geleenthede help die gemeente om binne die bestek van een jaar aandag te gee aan talle temas en tekste wat met Jesus Christus verband hou. Só voorkom die uitgebreide liturgiese kalender die sieldodende herhaling van ’n enkele tema of twee, óf ’n paar teksgedeeltes wat tot vervelens toe aan die orde kom.

Prediking aan die hand van die uitgebreide liturgiese kalender, selfs al is dit net elke tweede of derde jaar, sal lidmate aan die meeste van die belangrike gedeeltes en temas van die Bybel blootstel. Indien mense nie weet wat die Christelike geloof behels nie, kan daar mos nie verwag word dat hulle getroue lidmate sal bly nie.

AU: Waarom is die kerklike jaar en sy ritme vandag nog van waarde vir die geloofslowe van die kerk, en watter gebruiker of leser het jy voor oë gehad toe jy die boek geskryf het?

NvW: Vir diegene wat beweer dat die liturgiese kalender onbelangrik geraak het, het die kerk van Jesus Christus klaar gesterf. Die liturgiese kalender reël dat die kerk op ’n sistematiese wyse aandag gee aan al die aspekte van die persoon, lewe en werk van Jesus Christus. Wie nie hieraan wil meedoen nie, staan buite die gemeenskap van gelowiges – en vir hulle is Christus dood.



Ek meen dat die uitgebreide liturgiese kalender juis op hierdie stadium belangrik is. Ek weet dat daar predikante, jonk en oud, is wat die evangelie nie ken nie. Sommige van hulle ken nie die verskil tussen die Adventstyd en die Lydenstyd nie. Ander weet nie dat die Heilige Gees ná die Hemelvaart uitgestort is nie, en dan is daar dié wat nie kan sê wat die kerk hoop nie.

Ek het ’n eenvoudige kategismus op grond van die uitgebreide liturgiese kalender saamgestel sodat kinders, lidmate en predikante net weer ’n oorsig kan kry oor wat ons in die kerk glo en wat ons nie glo nie.

AU: Wat beteken hierdie drie werke, wanneer jy terugkyk, vir jou eie teologiese reis en loopbaan, en wat hoop jy sal die blywende waarde van hierdie drie publikasies vir die kerk wees?

NvW: Dit is vir my persoonlik bevredigend om te weet dat ek probeer het om die aard, argumente en metodes van die Reformatoriese teologie aan die lesers bloot te lê – en wel vanuit die primêre bronne.

Ek hoop dat predikante en lidmate in die toekoms deur die boeke sal blaai en ontdek waaroor die Reformasie ten diepste gaan. Ek hoop ook dat die boek mense sal laat nadink oor die oppervlakkige idees wat die afgelope dekades vanuit bedenklieke teologiese oorde oor ons spoel.

AU: Waar kan hierdie boeke verkry word?


NvW: Die boeke oor Luther en Melanchthon kan gratis in elektroniese formaat by my aangevra word (natievanwyk123@gmail.com). Die drukweergawes is uitverkoop. Die boek oor die liturgiese kalender kan teen R300 by mev Sarie Roux (boekwinkel@nhk.co.za) aangekoop word.

AU: Is daar tans nog ’n publikasie in die pyplyn?

NvW: Ja, ek werk tans aan ’n boek oor lyding en die bese. Die populistiese oortuigings uit die *volksgodsdien*s sal aan kritiese ondersoek onderwerp word. Die filosofiese vraag oor hoe geloof in ’n almagtige en liefdevolle God met die bese versoen kan word, naamlik die teodiseeprobleem, vorm ook deel van die boek. Ek hoop om die boek teen die einde van 2027 gereed te hê.

(Dr André Ungerer is emerituspredikant en leraar van Gemeente Pretoria-Oos)

Die Koninkryk van God: Perspektiewe op die eindtyd



Dr Daan van Wyk (jr)

Daar is eindeloos meer as net die sigbare van hierdie wêreld en lewe. Daar is 'n transendente werklikheid oorkant, anderkant alles wat ons hier ken en weet. Dit [hierdie boek] verwoord 'n vooruitblik op die Kerk se verwagting van die heerlijkheid van God wat straks ten volle geopenbaar sal word maar wat nie deur die mensdom geken en gevrees, verwag en eerbiedig word nie. Só verwoord dr DJC van Wyk (sr) die kern van sy boek, Die Koninkryk van God: Perspektiewe op die eindtyd.

In die voorwoord van die boek beskryf dr Van Wyk dit as 'n noodkreet wat uitgaan na die Kerk en teologie in hierdie 21ste eeu ná Christus. Hy roep die Kerk, teoloë en predikers op om opnuut te luister na die eskatologiese toonhoogte van die evangelie van Jesus Christus. Die Here kom! Die koninkryk van God kom! Sy pleidooi is dat hulle sal ontwaak en aandag gee aan die Bybels-profetiese aanduidings van die koninkryk wat op hande is. Dit is die belofte van God se volkome heerskappy. Die koninkryk het reeds in Christus gekom, maar het nog nie ten volle aangebreek nie. Dit kom nog in volmaaktheid – die wederkoms van Christus, die nuwe hemel en aarde, die ewige heerlijkheid van God. Hierdie spanning roep gelowiges op tot waaksaamheid, bekering, hoop en heilige erns.

In die boek tree dr Van Wyk in kritiese gesprek met 'n tydsgees waarin die fokus van die moderne teologie en geloof verskuif het: weg van God en sy groot daad na die mens en sy verhoudings – weg van die transendente, die wêreld anderkant die sigbare; weg van die ewigheid van God na die duskant, die sigbare hier en nou. Daarom het prediking en geloofsgesprek oor die wederkoms van Christus, die opstanding en die lewe ná die dood in die Kerk stil geword. Ons leef in 'n tyd van afvalligheid, en van verwêreldliking wat van die koninkryk 'n karikatuur maak. Die laaste woord oor hierdie wêreld is egter nie chaos nie, maar Christus. Die koninkryk van God is die verskil tussen lig en duisternis, tussen lewe en dood, tussen 'n sinvolle en 'n sinlose bestaan.

Die boek getuig van selfstandige denke en navorsing. Die skrywer was nie rekenaarvaardig nie, en kon daarom geen internetsoektogte doen of van kunsmatige intelligensie gebruik maak nie. Die Bybel was sy primêre bron. Die hele boek getuig van 'n eerlike en diepgaande omgang met die Skrif, asook verantwoordelike eksegese en hermeneutiek

waardeur hy die Woord laat spreek oor die komende koninkryk van God, die beloftes wat dit voorspel, die eindtyd en die ewige lewe. Naas die Bybel het hy van kommentare en aktuele publikasies gebruik gemaak. Hy beklemtoon dat hy nie te selfversekerd is om met te veel sekerheid finaal oor hierdie moeilike geloofsake te praat en te skryf nie. Daarom gaan hy met versigtigheid en nederigheid met hierdie gelaaide temas om.

Die boek het 'n sterk eksistensiële karakter. Dr Van Wyk het elke woord met die hand, met pen op papier geskryf. Aangesien sy handskrif die afgelope paar jaar nie duidelik leesbaar was nie, het hy die teks voorgelees terwyl sy vrou, Frieda, dit op die rekenaar getik het. Sy het dit dan uitgedruk, en hy het dit geïllustreer en geredigeer. Hy het dan vir haar die gekorrigeerde weergawe gelees terwyl sy die veranderinge op die rekenaar aangebring het. In die agtergrond van hierdie spanpoging het Mozart, Beethoven of gewyde musiek altyd sag gespeel. Só het die boek gedurende die laaste twee jaar voor dr Van Wyk se dood vorm aangeneem. As sy seun het ek baie ure saam met hom deurgebring waartydens ons die inhoud en verskillende temas bespreek het. Teen die agtergrond van hierdie gesprekke was my pa se stryd met liggaamlike verswakking en veroudering, fisieke pyn en sy eie worsteling met die dood voortdurend aanwesig, maar sy geloof was rotsvas. Hy het die Bybel geglo, en hy het geglo wat hy geskryf het. Tog was dit, eg menslik, nie sonder eksistensiële worsteling nie. Tydens die ses maand lange siekbed voor sy dood het ek op 'n keer gemerk dat hy neerslagtig en ietwat moedeloos was. Ek het hom gevra of hy dan nie alles glo wat hy self geskryf het nie. Sy reguit antwoord het my aanvanklik verras. Hy glo, het hy gesê, maar daar is tog die tye van wanhoop. Ons kon daarna sinvol verder praat oor die feit dat geloof nooit volmaak en sonder vertwyfeling is nie – nie eens vir 'n predikant, kerkleier, teoloog en iemand wat

met soveel krag 'n boek oor die lewe na die dood skryf nie.

Die boek was, wat vorm en inhoud betref, klaar toe die skrywer aan die begin van Mei 2025 ernstig siek geword het. Die manuskrip moes nog finaal geïllustreer en geredigeer word, waarna die bladuitleg gedoen moes word voordat dit persgereed sou wees. Voordat dit kon gebeur, het sy gesondheid egter drasties verswak. Hy het tien dae in die intensiewesorgeenheid van die hospitaal deurgebring. Ná sy ontslag was hy deurmekaar en gedisoriënteerd en aanvanklik het hy geen belangstelling in die boek getoon nie. Dit het vyf maande lank so voortgeduur. Toe was daar 'n skielike en wonderbaarlike herstel. Hy was helder van verstand en het 'n dringende dryf gehad om die boek finaal te redigeer en te laat uitgee. Die familie het gehelp en binne twee weke is die boek na die drukkers gestuur. Die dag voordat die boek van die drukkers af teruggekom het, het dr Van Wyk 'n massiewe beroerte gehad. Ons weet nie of hy ten volle kon besef dat hy die boek in ontvangs geneem het nie. Drie dae later is hy oorlede.

Dié boek bied diepgaande teologiese besinning oor die finale koms van die koninkryk van God, die wederkoms en die lewe ná die dood. Dit kan predikante handig te pas kom by preekvoorbereiding en Bybelstudie. Dit is egter ook toeganklik vir algemene lesers wat prikkende leesstof oor hierdie onderwerpe soek. Dan sal die boek in besonder nadenke bied en vertroosting bring as getuigenis en worsteling van 'n verganklike, sterflike mens wat die Woord ernstig geneem het dat hierdie lewe nie met die dood eindig nie, maar dat ons blik gerig moet wees op die werklikheid anderkant die graf – die lewe in ewige heerlijkheid by God.

(Dr Daan van Wyk (jr) is leraar van
Gemeente Van der Hoff)

In memoriam: Di Hennie Louw en Gert van der Merwe

Die Kerk het die afgelope tyd kennis geneem van die afsterwe van di HF (Hennie) Louw (Drie Riviere) op 56-jarige ouderdom, en GJW (Gert) van der Merwe (emeritus) op 78-jarige ouderdom. Die Kerk betuig haar innige meegevoel met die eggenote en families van di Louw en Van der Merwe. Mag ons hemelse Vader julle krag in hierdie moeilike tyd gee.



Ds HF (Hennie) Louw is op 6 Januarie 1970 gebore. Ná sy skoolopleiding het hy aan die Universiteit van Pretoria gaan studeer en het hy in die 1990's 'n aktiewe lidmaat van Gemeente Philadelphia geword. Ds Louw het later van studierigting verander, na Teologie oorgeskakel en die grade BA en BD behaal. Hy is op 6 Desember 2000 geëgtimeer en op 24 Februarie 2002 georden as predikant van die NHKA. Hy het in Gemeentes Morgenzon/Breyten (2002), Carolina/Chrissiesmeer (2002), Kampersrus (2009), Newcastle (2012) en Drie Riviere (2019) gedien. Sy skielike heengaan aan die einde van Augustus het 'n groot leemte gelaat.



Ds GJW (Gert) van der Merwe is op 10 Mei 1948 gebore. Hy het sy BA- en BD-grade aan die Universiteit van Pretoria behaal en is op 28 November 1974 geëgtimeer. Sy ordening het op 25 Januarie 1975 plaasgevind, waarna hy in Gemeentes Ladysmith/Estcourt (1975), Bloemfontein (1979), Klerksdorp (1981), Kempton (1986), Meyerton (1987) en Kempton Park-Noord (1990) diens gedoen het. In 1999 het hy siekte-emeritaat aanvaar en in 2000 geëmeriteer. In 2004 het hy weer 'n beroep na Gemeente Balfour aanvaar, waar hy tot 2006 gedien het.

Baie geluk, dr Sanrie de Beer!



Tydens die afgelope gradeplegtigheid van die Noordwes-Universiteit (NWU) het dr SM (Sanrie) de Beer haar tweede doktorsgraad ontvang.

Dr de Beer is leraar van Gemeente Philadelphia, 'n Nuwe-Testamentiese navorser en 'n dosent in Grieks. As buitengewone navorser in die Skool vir Antieke Tale en Teksstudies aan die NWU fokus sy op die Brief van Jakobus, Nuwe-Testamentiese hermeneutiek, intertekstualiteit en beliggaamde Bybelinterpretasie. Sy doseer ook Nuwe Testament aan die Hervormde Teologiese Kollege en dra só by tot die vorming van toekomstige predikante. Haar navorsing bevorder 'n kontekstueel begronde omgang met die Skrif ter voorbereiding van toekomstige kerkleiers vir getroue, deurdagte en onderskeidende bediening.

Haar proefskrif, *Verkenning van die tekstuurryke wêreld van Jakobus 1:1-27 – 'n Multidimensionele, beliggaamderetoriese lesing*, bied 'n multidimensionele interpretasie van die Twee-Weë-motief in Jakobus.

Geroep om te dien

Ds Antoinette van Zyl

Op 16 Oktober 1994 orden ds Paul Buitendag my as predikant. My bediening het in Gemeente Volksrust as proponent begin, waar ek onder 'n uitstekende leermeester die praktyk van kerkwees van nader leer ken het. Ds Buitendag bly vir my 'n mentor, medegelowige en vriend. Ná hierdie vormende tyd het ek 'n beroep na Gemeente Vrede in die Vrystaat ontvang.

Vir bykans 32 jaar het ek die voorreg gehad om die evangelie van ons Here Jesus Christus in Gemeente Vrede te verkondig. Ná my huwelik met 'n boer in die Vrede-distrik het ek destyds vir die gemeente gesê dat hulle vir die volgende 30 jaar saam met my sou stap. Daardie jare het verbygegaan; die kinders is nou groot, en van hulle kan saam met my man die boerdery behartig. Dit het vir my groter bewegingsvryheid gebied en 'n nuwe geleentheid tot diens geskep.

My paaie en dié van die NHKA het tydelik geskei, maar ek het my pad terug na die Kerk gevind. Toe 'n afvaardiging van die kerkraad van Gemeente Volksrust my in 2025 met 'n beroep na die gemeente genader het, het ek dit biddend oorweeg en met dankbaarheid aanvaar. My man kon steeds voortgaan met die boerdery en terselfdertyd saam met my in Volksrust diensbaar wees. Onder leiding van dr Hein Delpont van die Hervormde Teologiese Kollege, prof Jaco Beyers van

die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria, ds Annerie Conradie van die Proponentseksamenkommissie en lede van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering kon ek op 19 Julie as predikant van Gemeente Volksrust bevestig word. Ek is opreg dankbaar teenoor almal wat deur eerlike gesprekke, vriendelike bemoediging en hartlike ontvangs hierdie pad in die NHKA saam met my moontlik gemaak het.

Die beweging van die NHKA na die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes en weer terug na die NHKA, was vir my ten diepste 'n geloofsaak. Waar ek ook al geroep word om die goeie boodskap van verlossing in ons Here Jesus Christus te verkondig, wil ek in gehoorsaamheid dien. Ek glo dat God van 'n mens rekenskap vra oor die bediening waartoe Hy jou roep. Soos Paulus, kan ek ook sê: *Maar vir my is dit nie van die minste belang of my betroubaarheid deur julle of deur h menslike*

regbank beoordeel word nie. Trouens, ek beoordeel dit self nie eens nie. Daar is ook niks waaroor my gewete my aankla nie, maar dit beteken nog nie dat ek vrygespreek is nie. Dit is die Here wat my beoordeel (1 Kor 4: 3-4, AFR83).

My wortels lê in die Kerk. My teologie is deur dosente aan die destydse Afdeling A van die Teologiese Fakulteit aan die Universiteit van Pretoria gevorm. Ek is dankbaar vir hierdie uitmuntende grondslag vir my werk in die Kerk. In diens van die Heer van die Kerk, en onder leiding van die Heilige Gees, wil ek steeds dien en van nut wees. Om van die Waarheid te getuig tot eer van God, bly die doel en sin van my bediening.

Aan Hom kom die eer, die dank en die lof toe.

(Ds Antoinette van Zyl is leraar van Gemeente Volksrust)

Redakteur:	Ds David Barnard. Subredakteur: Ds Etienne Fourie. Produksieredakteur: Mej Sanet du Plessis. Joernalis: Ds Iwana Kruger.
Redaksie:	Ds Annami Cockeran, dr Hein Delpont, ds Iwana Kruger, ds Dalene Lourens, ds Mariët Robbertze, ds Larry van der Walt, dr Wouter van Wyk (sekretaris: Kommissie van die AKV).
Grafies:	Mnr Hugo van Niekerk.
Administrasie:	Mev Sarie Roux.
Uitgewer:	Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Posbus 2368, Pretoria 0001. Tel 012 322 8885, e-pos: boekwinkel@nhk.co.za, webblad: www.nhka.org
Drukkers:	Seriti Printing, Pretoria. By die Hoofposkantoor as nuusblad geregistreer ISSN 0259-949X.